## Malina, B, Joubert, S, Van der Watt, J 1995 — Vensters wat die Woord laat oopgaan

Halfweghuis: Orion Uitgewers. 119 bladsye. Prys: R34-95

**Resensent: Ds J Ayres**

Hierdie boek is 'n verwerking van die boek *Windows on the World of Jesus*: *Time Travel to Ancient Judea* deur Bruce Malina, Westminster/John Knox Press: Louisville 1993. Stephan Joubert en Jan van der Watt het hierdie boek van Bruce Malina nuut verwerk spesifiek vir Suid-Afrikaanse lesers.

Die boek het ten doel om moderne lesers op reis deur die Mediterreense wêreld te neem. Die boek maak 'n mens bewus van die feit dat wanneer ons die Bybel lees, ons nie 'n roman lees wat in 1996 geskryf is nie. Die Bybel kom uit 'n totaal ander kultuur as wat ons ken en die Bybelskrywers en Bybelfigure het anders as ons oor dinge gedink. Om die Bybel reg te verstaan is dit nodig om jouself te verplaas in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld. Om die Bybel reg te verstaan, moet die moderne Bybel leser dink en redeneer soos wat die mense destyds gedoen het. As 'n mens regkry om dit te doen, gaan daar letterlik 'n nuwe wêreld vir jou oop.

In hoofstuk een word daar 'n algemene profiel van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld gegee en in die daaropvolgende hoofstukke kom die volgende sake aan die orde. Die groepe en buitestaanders, die familie, algemene waardes, en die antieke siening van tyd.

In 'n sekere sin kan die boek beskryf word as 'n 'doen dit jouself' handleiding. Die leser word bekend gestel aan 'n sekere perspektief, dit word met voorbeelde uit die Bybel geïllustreer, en dan kan die leser hierdie nuut verworwe kennis self op ander gedeeltes in die Bybel toepas.

Die boek is populêr geskryf, met gewone lidmate as teikengroep. Nogtans dink ek dat geen predikant sonder die boek behoort te wees nie. Hierdie boek bevat onskatbare nuwe insigte, wat baie beslis nuwe betekenis aan 'n predikant se prediking sal gee. Ek is oortuig daarvan dat elkeen wat die boek gelees het, so daardeur geprikkel sal word dat hulle ook van die meer wetenskaplike werke sal lees, waarvan daar 'n lys op bladsy 118 en 119 gegee word. Hierdie lys, onder die opskrif '*Om verder te lees*', is 'n verdere winspunt van die boek.

Bogenoemde paar opmerkings behoort bewys te wees van die feit dat ek hierdie boek nie sterk genoeg onder lidmate en predikante kan aanbeveel nie. Dit sal een van die interessantste boeke wees wat u in 'n baie lang tyd gelees het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services